

Skriflesing: Hand 1:1-8

Tema: Jesus se programaankondiging vir ons as Sy kerk na hemelvaart

Hier in Handeling 1 is daar 'n leierskapsverandering. Die dissipels moet die leiers by Jesus oorneem. Die dissipels word nou apostels wat beteken: "gestuurdes". In Joh 20:21 stuur Jesus hulle al uit: "Soos die Vader my gestuur het, stuur ek julle ook."

Die dissipels moet dit waarmee Jesus besig was, voortsit. Hoe het hulle dit reggekry?

Die een groot kopskuif wat die apostels moes maak, is die skuif dat hulle as die kerk nie 'n sending het nie, maar 'n sending is. Die kerk se wese is sending. Ons moet Jesus waar ons ookal kom, verteenwoordig.

Om 'n gestuurde van Jesus Christus te wees, beteken om die waarheid en krag van die evangelie sigbaar en tasbaar te maak in die ruimte waar ons elke dag leef. Die sendingveld is oral rondom ons, in ons kantore, huise, skole, kerke, kerkrade, kommissies en selfs in ons binnekamers. Daarom stuur Jesus eers die dissipels na hulle eie mense om daar te begin. Maar dit kan nie net daar te bly nie, die evangelie moet ook verder uit gaan!

Ons sê soms dat ons nie weet wat om getuig nie. Ons moet maak soos die apostels.

Hulle het Jesus se storie oorvertel

Die wyse en hoogs geleerde Paulus skryf in 1 Kor 2:1-5: "Wat my betref, broers stoe ek na julle toe gekom het om die geheimnisvolle waarheid te verkondig, het ek nie met hoë woorde of groot geleerdheid gekom nie. Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde. Bewus van my swakheid, en met groot ang en huiwering, het ek na julle toe gekom. Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees. Dus is julle geloof nie op die wysheid van mense gegrond nie, maar op die krag van God."

Ons is getuies van wat God in Jesus Christus gedoen het en steeds daagliks vir ons en om ons doen.

Jesus het hulle as nuwe leiers opgelei

Jesus neem 40 dae om die dissipels deeglik voor te berei en op te lei.

Hy het hulle 3 goed geleer.

- Hy het gewys dat Hy opgestaan het.
- Hy het met hulle oor die dinge van die koninkryk van God gepraat. Hierdie koninkryk is sy heerskappy op aarde, sy heerskappy in ons. Sy heerskappy sal volmaak aanbreek by die wederkoms.
- En Jesus het met hulle gepraat oor die Heilige Gees.

• Die Heilige Gees sal hulle toerus vir hulle taak

Die apostels is nie dadelik toegerus nie. Hulle moes wag op Here, op die gawe wat Hy belowe het.

Ons lees meer as een keer dat hulle as gelowiges saam gewag het. Dit was ook toe hulle saam aan tafel was, dat Jesus hul beveel het om te wag op die gawe van die Heilige Gees. Toe hulle 'n keer weer bymekaar was, het hulle vir Jesus gevra oor die koninkryk van God.

Hierin wil die Here vir ons wys dat dit belangrik is dat gelowiges saam dinge moet doen. Dit is belangrik dat ons God saam aanbid en ook soms somer net lekker saam kuier.

Ons kan nie getuig in ons eie krag, eie geloof en eie mag nie, maar in die mag, heerlijkheid en krag van die drie-enige God. Daarom moet ons soms wag op God se tyd. Ons moet wag om in te skakel by God se seisoene.

Maar dit is anders as wag by 'n vulstasie of dokter. Dit is 'n aktiewe wag. Dit is wag saam met medegelowiges, in eensgesindheid en volhardend in gebed. Dit is wag op die leiding van die Heilige Gees. Ek moet wag sodat ek nie op my eie beweeg nie. Ek moet wag om deel te word van God se beweging en God se tyd.

As ons ons lewens aan die Here oorgee, vul die Gees ons en kom ons saam met God in beweging. Ons sit dit waarmee Christus besig was voort. Dan dra ons nie meer soos 'n baba 'n borslap nie. Ons wil nie meer gedien word nie. Ons dra 'n voorskoot. Ons wil, soos Hy, dien en getuig.

Ek sluit af met 'n legende.

Daar is 'n verhaal wat vertel dat toe Jesus na sy hemelvaart in die hemel aankom, die engele lekker met Hom gesels het.

Gabriël het vir Hom gevra: "Meester, U het baie gely vir die mense op aarde. Weet almal nou dat U vir hulle lief is en wat U vir hulle gedoen het?"

"Nee," antwoord Jesus, "nog nie . . . net 'n paar mense in Palestina weet dit."

Gabriël vra toe verder: "Watter plan het U in werking gestel dat almal hiervan sal hoor?"

"Ek het vir Petrus, Jakobus, Johannes en 'n paar ander gevra om dit die werk van hulle lewe te maak om ander te vertel van My. Dan kan dié ander weer nog ander en weer ander van My vertel, totdat die verste mens in die wydste sirkel weet wat Ek vir die wêreld gedoen het en nog doen."

Gabriël het met baie twyfel op sy gesig na Jesus gekyk. Omdat hy geweet hoe mense aanmeakaargesit is, het hy gevra: "Maar sê nou maar net Petrus en die ander word moeg daarvoor? Het U ander planne ook gemaak?"

Jesus het vir Gabriël in die oë gekyk en gesê: "Ek het geen ander planne gemaak nie, want ek maak staat op hulle!"

Vandag sê die Here vir ons as Sy Geesge vulde kinders: "Ek maak staat op julle."

Amen